

24 Mei

Skrifgedeelte: Handeling 18:1-11  
Fokusgedeelte: DL, 1:15

**Dié wat verlore gaan dra self die skuld daarvoor!**

Die genade van God in die uitverkiesing word baie duideliker sigbaar as 'n mens besef dat almal nie gered word nie. Dié wat nie uitverkies is nie gaan vir ewig verlore. Juis hieroor verwerp baie mense die leer oor die uitverkiesing. Hulle kan nie verstaan dat 'n God van liefde mense sal verwerp om vir ewig verlore te gaan nie.

Wat hulle egter nie verstaan nie is dat alle mense verdien om vir ewig verlore te gaan. Alle mense is immers sondaars. Dié wat gered word verdien dit nie en word uit genade gered. Dié wat verwerp word en nie gered word nie verdien dit om verwerp te word, want hulle is sondaars wat weier om die verlossing te aanvaar wat God aan hulle skenk. Dié wat verlore gaan dra dus self die skuld daarvoor!

In Handeling 18 lees ons van Paulus wat in Korinte al sy tyd daaraan bestee het om die Jode te oortuig dat Jesus die Christus is. Die afloop van sy verkondiging lees ons in vers 6: "Maar toe hulle hulle aanhou verset en hom beledig het hy die stof van sy klere afgeskud en vir hulle gesê: 'As julle verlore gaan is dit julle eie skuld. Ek aanvaar nie die verantwoordelikheid daarvoor nie.'"

Daarom bely ons dat God se optrede om sulke mense te verwerp volkome vry, regverdig, onberispelik en onveranderlik is. Mense wat in hulle sonde volhard en weier om in Jesus as Verlosser te glo, stort hulle self in die ewige ellende. Dié wat verlore gaan kry wat hulle verdien; dié wat gered word kry wat hulle nie verdien nie. God verontreg dus niemand nie, maar Hy betoon wel genade aan die uitverkorenes.

Die leer oor die uitverkiesing, wat verwerping insluit, verkondig dus geen onregverdigheid nie, maar wel onverklaarbare genade! Loof God vandag vir sy genade wat Hy skenk aan mense wat dit nie verdien nie!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~